SAKE 24 (Burger Kaap)
07 Jun 2011, p.14

Verbruikers snoep met hul kontant

Verbruikers was in Mei maar suinig met hul kontant te oordeel na die Spark Cash Index.

Spark ATM Systems bereken maandeliks dié indeks gegrond op kontantonttrekkings by die 1 200 kitsbanke wat hy landwyd het.

Die gemiddelde bedrag wat in Mei per transaksie onttrek is, is R406, wat 3,88% laer is as die gemiddelde bedrag wat in April onttrek is.

Mnr. Marc Sternberg, besturende direkteur van Spark ATM Systems, sê die laer onttrekkings in Mei was te wagte ná al die vakansiedae in April.

"In Mei is daar gewoonlik dieselfde patroon te bespeur as in Januarie, wanneer almal platsak is ná die Kersvakansie."

Hy sê die onttrekkings in April vanjaar was uitsonderlik hoog weens die opeenhoping van vakansiedae. Die gemiddelde bedrag van R423 wat in April vanjaar per transaksie onttrek is, was die hoogste maandelikse syfer sedert die indeks in September 2007 begin is. Die gemiddelde onttrekking in April vanjaar was 4,78% hoër as in April verlede jaar, maar in Mei was dit net 1% hoër as in dieselfde maand verlede jaar.

Sternberg sê hy het in Mei vanjaar vir die eerste keer 'n vergelyking gedoen van die kleinhandelverkope en kontantonttrekkings. Daaruit blyk 'n noue verband tussen kontantonttrekkings en aankope.

Die kleinhandelverkoopsyfers word gewoonlik twee maande later eers bekend gemaak, terwyl die Spark Cash Index in die eerste week van elke maand bekend is.

"As die indeks vir 'n ontleding van kleinhandelverkope gebruik word, kan 'n styging in April verwag word, met 'n taamlike skerp daling in Mei."

– Adri van Zyl